higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 3

18 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

RIGLYN VIR MERKERS

1. Merkers word daaraan herinner dat sommige aspekte van lewensvaardighede breë interpretasies kan hê, en ’n breë verskeidenheid korrekte antwoorde is dus moontlik. Antwoorde wat verkeerd is moet egter nooit as korrek gemerk word nie.

2. Merkers moet hulle eie oordeel gebruik wanneer hulle nasien. Studente se antwoorde moet binne die konteks van hulle lewenservarings geassesseer word.

3. Inhoud moet nagesien word, nie grammatika nie.

4. Vir die meeste vrae word verskeie voorbeeldantwoorde gegee. Dit dien as riglyn vir die soort antwoord wat vereis word. Merkers moet versigtig deur al die voorbeeldantwoorde werk om ’n gevoel te kry van die soort aanvaarbare antwoorde.

5. Vir sommige antwoorde word merkers gelei deur die stelling: 'Slegs hierdie antwoord.' Dit beteken dat geen ander antwoorde aanvaarbaar is nie.

6. Merkers moet die puntetoewysing per vraag noukeurig nagaan en streng volgens daardie puntetoewysing nasien.

   LET WEL:
   (2 × 1) beteken daar moet TWEE antwoorde wees, en EEN punt word per antwoord toegewys.
   (1 × 2) beteken TWEE punte word vir EEN antwoord toegewys.

7. Waar studente versoek word om ’n paragraaf te skryf, te evalueer, te beskryf, te bespreek, te besin, aan te beveel, te vergelyk, raad te gee of te verduidelik, is antwoorde van een word nie aanvaarbaar nie, en moet dit nie nagesien word nie

8. Dankie dat u noukeurig, streng en regverdig nasien. Die handhawing van ’n hoë standaard help om die status van hierdie belangrike vak te verhoog.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 B
1.3 B
1.4 B
1.5 C

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Onwaar✓
Linkerbreindominante mense verkies meervoudigekeusevrae in ’n toets en om met syfers te werk.✓ **OF**
Regterbreindominante mense verkies paragraafvrae of lang vrae in ’n toets waar hulle hulle menings kan uitspreek.

2.2 Onwaar✓
Met ’n visuele leerstyl sal jy iets beter verstaan en onthou wanneer jy dit sien of lees as wanneer jy dit hoor.✓ **OF**
Met die ouditiewe leerstyl sal jy inligting beter onthou en verstaan wanneer jy dit hoor.

2.3 Onwaar✓
Jy kan jou swakpunte en sterkpunte evalueer deur ’n vaardigheidsoudit te doen.✓

2.4 Onwaar✓
Deur selfversekerd te wees en weieringsvaardighede te gebruik, word jy meer doeltreffend en beleefd wanneer jy 'nee' sê vir dinge wat jy nie wil hê nie, bv. aanbiedinge van dwelms of alkohol.✓

2.5 Waar✓
Jy moet vriende kry wat jy kan respekteer en op wie jy kan staat maak, en wat jou waardes deel sodat jy jouself kan wees.✓

Let wel: As die 'waar' of 'onwaar' verkeerd is, moet geen punte vir die rede toegeken word nie. Student moenie die vraag as rede herhaal nie. (5 × 2) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 H
3.2 E
3.3 J
3.4 A
3.5 F
3.6 B
3.7 I
3.8 C
3.9 G
3.10 D

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 kompressies
4.2 opsomming
4.3 herroep
4.4 mnemoniese
4.5 opportunistiese infeksies

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- Onproduktiewe werknemers veroorsaak vertragings omdat projekte laat voltooi word.
- Werknemers word betaal vir werk wat hulle nie gedoen het nie / werknemers steel die maatskappy se geld as hulle betaal word vir werk wat hulle nie gedoen het nie.
- Hulle veroorsaak ’n verlies aan wins weens die verlore werk, tyd en hulpbronne.
- Onproduktiewe werknemers kan veroorsaak dat ander werknemers hulle werkslading moet bybring, en dit kan tot negatiewe houdings lei. (Enige 3 × 1) (3)

5.1.2
- Voltooi elke taak betyds
- Gebruik die internet hoofsaaklik vir werksdoeleindes
- Goeie bywoning by die werk
- Aanmoediging van harde werk
- Gaan nie onnodig rook of toilet toe nie (Enige 2 × 1) (2)

5.2
- Doen dit waarvoor hulle betaal word / voeg waarde by die maatskappy
- Hulle kom baie goed die pligte na wat in hulle posbeskrywings uiteengesit word
- Kom hulle pligte na in die tyd wat vir die werk toegewys is
- Hulle is verantwoordelik en betroubaar
- Hulle bied goeie waarde vir die geld wat aan hulle salarisse bestee word

(Enige 1 × 2) (2)

5.3
- Vermy luiheid
- Werk so hard as wat jy kan
- Wees betroubaar/vertroubaar
- Wees eerlik/geloofwaardig
- Wees stiptelik / Moenie uitstel nie
- Hou jou rustye kort
- Moenie jou toegang tot die internet misbruik nie, bv. deur sosiale media by die werk te gebruik nie (Enige geskikte antwoorde 3 × 1) (3)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Middels wat dit makliker maak vir iemand om ’n ander persoon te verkrag of seksueel aan te rand.
Dit is dwelms wat ’n oortreder skelm in iemand se drankie gooi sodat die slagoffer sleg of duiselig voel of flou word sodat die oortreder hom/haar maklik kan verkrag of seksueel aanrand. (Enige 1 × 2) (2)

6.2
- Ketamien of K
- Rohypnol of 'roofies'
- LSD
- Alkohol (Enige 2 × 1) (2)

6.3
- Pas my drankies en kos die hele aand op
- Kies baie versigtig die mense saam met wie ek uitgaan
- Gaan nie na plekke wat nie aan my bekend is nie
- Kies ’n veilige plek vir my afspraak
- Ek maak seker ek aanvaar nie oop drankies by enigiemand nie
- As ek badkamer toe gaan, drink ek óf my drankie klaar óf ek neem dit saam met my (Enige 3 × 1) (3)

6.4 6.4.1
- Moenie tandeborsels, skeermesse of naalde deel nie
- Onthou my van seks
- Wanneer ek seksueel aktief is, gebruik ek ’n kondoom
- Ek verander nie gereeld van seksmaat nie
- Ek het nie seks met iemand wie se MIV-status ek nie ken nie (Enige 2 × 1) (2)

6.4.2
- Ek kan kyk of die persoon bloed uithoes.
- Ek kan vra of die persoon pyn op die bors beleef wanneer hy/sy hoes.
- As die persoon uiters moeg en lusteloos lyk, kan dit ’n simptoom wees.
- As die persoon sweet en tekens van koors toon, kan dit ’n aanduiding van TB wees. (Enige 2 × 1) (2)

6.5
- Jy is die verandering
- Beskerming, nie skade nie
- Stop! Genoeg is genoeg

Let wel: EEN punt vir relevansie, EEN punt vir lengte (VIER woorde of minder)
(Enige relevante 1 × 2) (2)

6.6
- People Opposing Women Abuse (POWA)
- Sonke Gender Justice Network (SONKE)
- The Greater Nelspruit Rape Intervention Project (GRIP)
- Verenigde Nasies se Kinderfonds (UNICEF)
- Kantoor van die Verenigde Nasies se Hoë Kommissaris vir Menseregte (OHCHR)
- Kantoor van die Verenigde Nasies se Hoë Kommissaris vir Vlugtelinge (UNHCR)
- Verenigde Nasies se kantoor vir Dwelms en Misdaad (UNODC)
- Amnestie Internasionaal
- Konstitusionele Hof
- Gelykheidshowe
- Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK)
- Kommissie vir Geslagsgelykheid (KGG)
- Die openbare beskermer

Let wel: Moenie antwoorde soos 'polisie' en 'kerk' aanvaar nie.
(Enige relevante 2 × 1) (2)
[15]

VRAAG 7

7.1
- Manipuleer die prys van ’n produk (bv. goud) op aandelemarkte.
- Neem deposito's op goud sonder dat fisiese goud vir die kliënte deur ’n goudmark gehou word.
- Ken lenings toe aan mense wat nie kan bekostig om dit terug te betaal nie.
- Ontwikkelingsprojekte wat gedoem is om te misluk.
- Ken slegs lenings en borgskappe toe aan mense in dieselfde politieke party.
- Maatskappye waar geld 'verlore' gaan en niemand weet hoe of waar nie.
- Munisipaliteite wat geld aan dinge soos behuising behoort te bestee maar dit nie doen nie.
- Geld raak verlore uit mense se bankrekeninge.
- Geld wat vir covid-19-verligting toegewys is, gaan verlore.
- Weens die wanbestuur van fondse by Eskom, is geen onderhoud van toerusting moontlik nie.
- Afpersing van beamptes of mense in gesagsposisies.

(Enige relevante 3 × 1) (3)

7.2
- Wanneer geld eenvoudig uit bankrekeninge verlore gaan, kan daar ’n verlies aan spaargeld en vertroue in die bankstelsel wees.
- As vorme van korrupsie voortduur, sal die waarde van die rand daal en dan kan ons meer vir goedere betaal as wat ons moet.
- Wanneer munisipaliteite geld 'verloor', word basiese dienste soos water en elektrisiteit moontlik nie gelewer nie.
- Met die voortdurende beurtkrag kan ons nie ons werk doen nie, en ons ondervind dus ’n verlies aan inkomste.
- As lenings en borgskappe slegs aan vriende toegeken word, beteken dit dat die mense wat dit die nodigste het, dit nie sal kry nie.

Let wel: Antwoorde wat die student hier gee, moet verband hou met wat hy/sy in VRAAG 7.1 geantwoord het, anders is antwoorde verkeerd. (Enige 3 × 2) (6)

7.3
- Jy kan korrupsie stopsit deur dit te rapporteer
- Die skuldige individue sal tronk toe gaan
- Meer geld sal beskikbaar wees vir dit waarvoor dit bestem is
- Geld kan meer doeltreffend gebruik word
- Meer mense word bewus van wat gebeur (Enige 4 × 1) (4)

7.4
- Armoede sal toeneem en mense sal nog meer ly
- Daar sal politieke onrus en geweld wees
- Mense sal nie die regering vertrou nie
- Basiese dienste sal minder doeltreffend word weens korrupsie

(Enige 3 × 1) (3)

7.5
- Onderhandeling
  Ek en die ander persoon probeer om die kwessie op te los en kom tot 'n vergelyk deur dit self te bespreek.

- Bemiddeling
  As ons nie 'n oplossing kan kry nie, kan ons 'n ander kollega of bestuurder nader om as bemiddelaar op te tree. Daardie persoon sal na al twee kante van die storie luister en raad gee oor wat ons kan doen.

- Arbitrasie
  As ons steeds nie tevrede is met die voorstelle wat die bemiddelaar gemaak het nie, kan ons 'n ander party, soos die afdeling menslike hulpbronne of die KVBA, betrek wat na al twee kante van die storie sal luister en dan vir ons sê wat om te doen. Ons het nie 'n keuse nie; ons moet die arbiter se besluit deurvolg.

(Enige 2 × 2) (4)
[20]

VRAAG 8

8.1
- Jy wil sekere prosesse en vaardighede in aksie sien sodat jy kan besluit of hierdie spesifieke werk iets is wat jy kan doen.
- Deur skaduwerk te doen, sal jy 'n geleentheid hê om jou netwerk professionele kennisse te vergroot.
- Jy het dalk min of geen ondervinding met 'n sekere soort werk. Jy wil dit dus eers waarneem om te kyk of jy daarvan sal hou.
- Skaduwerk kan ook help as jy 'n nuwe werknemer is en jy beter en vinniger die aard van jou pligte en rol wil verstaan. (Enige 3 × 1) (3)

8.2 8.2.1
- Netwerkskepping beteken om nuwe mense te probeer ontmoet omdat dit moontlik nuttig kan wees om hulle in die toekoms te ken.
- Die handeling of proses van interaksie met ander mense om inligting uit te ruil en professionele of sosiale kennisse op te bou.

(Enige 1 × 2) (2)

8.2.2
- Gevestigde netwerke is belangrik wanneer jy werk soek of na 'n nuwe pos oorskakel.
- Netwerke is belangrik wanneer jy raad wil vra oor aspekte wat met jou werk verband hou.
- Netwerke kan daartoe lei dat jy na die mees spoggerige geleenthede wat met jou werk/loopbaan verband hou, genooi word.
- Netwerkskepping kan jou help om jou eie sake-onderneming uit te brei. (Enige 2 × 1) (2)

Kopiereg voorbehou

8.2.3
- Sy kan begin deur na die opsies wat aan haar beskikbaar is, te kyk en dan haar strategie te beplan.
- Sy moet haar kontakbesonderhede deel met almal wat in haar veld betrokke is.
- Wanneer sy ’n geleentheid soos ’n loopbaandag bywoon, kan sy vrae voorberei om vir ander mense in haar veld/bedryf te vra.
- Susan kan op verskillende plekke vrywilligerwerk gaan doen en professionele verhoudings met medewerkers en bestuurders bou.
- Sy kan navorsing op sosiale media doen vir mense en geleenthede wat by haar spesifieke loopbaanbelangstellings pas.

(Enige 2 × 1) (2)

8.3 8.3.1
- Identifiseer die besluit
- Maak die relevante inligting bymekaar
- Identifiseer die verskillende beskikbare oplossings
- Kies die beste oplossing
- Tree op

(Enige 4 × 1) (4)

8.3.2
- ’n Persoonlike ontwikkelingsplan is ’n formele, gestruktureerde hulpmiddel wat haar met haar persoonlike groei en ontwikkeling in terme van haar loopbaan kan help.
- Dit kan Susan help om die gapings in haar vaardighede te identifiseer en dinge in plek te sit sodat sy daaraan kan werk, en kan haar help om vir haar loopbaan gereed te maak.

(Enige 1 × 2) (2)

[15]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C

VRAAG 9

9.1
- Om vryelik jou tyd en arbeid aan ’n gemeenskapsdiens te gee
- Om tyd en energie ten bate van ander mense in die gemeenskap te gee sonder om betaling daarvoor te verwag

(Enige 1 × 2) (2)

9.2
- Jy leer nuwe vaardighede en doen ondervinding op.
- Jy ontmoet nuwe mense en maak vriende.
- Jy maak ’n verskil en het ’n positiewe uitwerking op mense.
- Jy verbeter jou selfvertroue deur iets nuuts te probeer.
- Jy word deel van die gemeenskap.

(Enige 3 × 1) (3)

9.3
- ’n Weeshuissentrum
- ’n Ouetehuis
- By hospitale of klinieke
- Vrywilligerwerk by ’n dierehawe
- Sopkombuise (Enige 2 × 1) (2)

9.4 9.4.1
- As daar geen spangees is nie, kan spanlede met mekaar meeding in plaas daarvan om as ’n span saam te werk. Almal sal eintlik hulle eie belange hê. Dit beteken dat die projek kan misluk. (1 × 2) (2)

9.4.2
- As daar geen leier in die vrywilligerprojek is nie, sal vrywilligers moontlik nie weet wat van hulle verwag word nie, kan fokus verloor en kan by onnodige konflik betrokke raak. (1 × 2) (2)

9.5 9.5.1
- Onwaar✓
- Almal kan ’n begunstigde wees, insluitend leerders by ’n skool, bejaardes, pasiënte by klinieke of hospitale en jongmense in daardie spesifieke gebied of gemeenskap.✓ (1 + 1) (2)

9.5.2
- Waar✓
- Vrywilligerwerk vereis dat die vrywilliger in die saak waarvoor hulle inskryf, glo. Sonder toewyding en belangstelling sal die saak se doelwitte nie bereik word nie.✓ (1 + 1) (2)

9.6
- Jou baas maak dit baie duidelik dat as jy nie in al sy behoeftes voorsien nie, jy nie ’n bevordering of salarisverhoging sal kry nie.
- Jou kollegas of baas maak onvanpaste of ongewenste seksuele grappe of opmerkings aan jou.
- Jou kollegas of baas raak op enige ongewenste seksuele manier aan jou, soos om jou boud te slaan of hulle hand teen jou borste te vee.
- ’n Werknemer wat ’n baas of ander kollega met seksuele gunste afpers sodat die werknemer kan kry wat hy/sy wil hê, soos ’n onverdiende bevordering. (Enige 1 × 2) (2)

9.7
- My vriend kan probeer om van die inhoud in rolspelaktiwiteite te verwerk.
- Omdat my vriend daarvan hou om te beweeg, kan hy/sy ’n bal skop of vang terwyl hy/sy hersien.
- Aangesien my vriend op ritme reageer deur klanke, patrone en maatslae te volg, kan hy/sy rympies of liedjies skep met die inhoud vir die eksamens.
- My vriend kan ’n kopkaart met sleutelwoorde skep en ’n spesifieke beweging daarvoor toewys. (Enige relevante 3 × 1) (3)

9.8 9.8.1 Linkerbreindominansie OF regterbreindominansie (1)

9.8.2 Regterbreindominansie

- Sukkel om vir ’n lang tydperk te fokus
- Hou daarvan om die geheelbeeld of -idee te sien eerder as die dele
- Nie goed georganiseerd nie, spring van taak tot taak
- Verkies om ’n kopkaart of tekening te maak eerder as om ’n lys uit te skryf
- Verkies oop vrae bo meervoudigekeusevrae
- Spontaan en intuïtief

Linkerbreindominansie

- Verkies meervoudigekeusevrae
- Dink logies en analities oor dinge
- Verkies struktuur en reëls
- Werk stelselmatig van begin tot einde deur dinge

Let wel: Die antwoorde wat die student hier gee moet by die dominansie wat in VRAAG 9.8.1 gegee is, ooreenstem.

(Enige 3 × 1) (3)

9.9 Sy kan begin deur op die web of by ’n soortgelyke maatskappy navorsing te doen om uit te vind wat die generiese posfunksies en verantwoordelikhede is.✓ Sy kan dan die maatskappy navors deur die materiaal op sy webwerf te lees en sy brosjures en verslae te bestudeer.✓ Daarna kan sy die maatskappy bel en die skakelbord vra vir die afdeling waar sy sal werk om uit te vind watter telefoonetiket vereis word.✓ Berei vrae goed voor, trek netjies aan en wees betyds, en kyk of sy ’n ander maatskappy kan kry waar sy skaduwerk kan gaan doen.✓ Afhangend van die situasie kan sy vra om aan ’n ander werknemer in haar veld voorgestel te word wat haar die plek kan wys.✓ (5)

Let wel: EEN punt vir antwoord in paragraafformaat (1)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou